Réney Warrington se tweede roman, Smit Motors, is die soort tydlose verhaal wat grense tussen lekkerlees-boek en 'great literature' verdof. Resensies loof die skrywer se karakterontwikkeling, aanvoeling vir plek en ruimte, sensitiwiteit soos sy omgaan met gestremdheid, ouerskap, en trauma. Hoe sy leesbaarheid en 'n outentieke stem vir haar verskillende karakters vasvang.

Vir my is Smit Motors – intiem verbeel, pragtig gepen, so gemaklik met stilte as met die dreigende maalkolk van verbale en fisieke geweld – Warrington se eie aanbod van 'n Nouveau film in die Afrikaanse Lettere. Soos 'n top regisseur steun Warrington op twee sekure fondasies: die eerlike, opregte, ruwe krag van 'n verhaal wat hoofkarakter Petra Smit op 'n letterlike en geestelike reis neem, en om haar die vreemdeling te maak, die 'stranger coming to town' waarvan 'n dorp se mense van notisie moet neem.

Die naam Petra beteken oorspronklik 'klip' of 'rots'. Warrington gee kleur en dimensie aan Petra deur haar formidabel te maak juis ten spyte van haar eie kwesbaarheid, onsekerheid en feilbaarheid. Kind van 'n ma wat haar verstoot het. Verstoteling. Skrywer wat sukkel om te skryf, 'n randfiguur wie se moed haar dikwels begewe. Ellendeling. Smag na moederskap van haar eie kind, maar haar identiteit as lesbiese vrou bemoeilik enige eenvoudige pogings tot swangerskap. Haar verhouding met Cyla vol passie en drif, maar Petra baklei teen die smart van 'n verlede wat eers volledig tot haar deurdring wanneer haar tyd in 'n klein dorpie in die Vrystaat haar direk met 'n ontsaglike dilemma konfronteer: is sy genoeg van 'n rots om 'n weerlose kind, Monty, van sy eie pa te red?

Die Smit Motors van die titel – 'n werkswinkel op die koop toe beskou te veel van 'n las vir erfgenaam Petra om aan vas te klou – word ook die narratiewe motor van 'n veelvlakkige verkenning van broosheid en innerlike krag, ons pogings om of onsself of ander te red. Warrington se veer is vol gitswart ink, dog weeg haar prosa veerkragtig eerder as bloot gespierd. Vroue as sielsgenote, minnaars, vriende, vertrouelinge, word weergegee soos 'n gebed en 'n geweerskoot: ontsag, onmiddellikheid, omarming van weerloosheid en patos.

Voel ook die pyn aan die bors van kunstenaar Susan, 'n buitestander wie se verhaal op uitsonderlike wyse tot die van Petra spreek. Spandeer tyd in die township met die kinderoppasser Johanna, die verwaarloosde Monty, die wreedaardige dorp se slagter en die nimlike, minlike Arno, wat soveel meer as net sy gestremdheid is.

Smit Motors is, soos Zirk van den Berg se Ek wens, ek wens, ’n meesterlike sprokie vir volwassenes, een waar die stryd tussen lig en donker nooit deur die bonatuurlike bepaal word nie. Eerder die besef dat gebrokenheid alleen nie kan keer dat ons die noodlot tart deur die helde en heldinne van ons eie verhale te word nie. – Jonathan Amid